

SAKE 24 (Beeld)
25 Nov 2011, p.4

METOLONG-PROJEK

Dam-ingenieurs aangestel

Vida Booyesen

Bloemfontein. – Vordering word gemaak met die Metolongdam-projek in Lesotho.

Gister is aangekondig dat die gesamentlike onderneeming van die multidissiplinêre ingenieurskonsultant GIBB en Consolidated Consultants van Jordanië (GIBB-CC-JV) die kontrak gekry het vir die gedetailleerde ontwerp van die dam en om toesig oor die konstruksiewerk te hou.

Die gesamentlike onderneeming is verantwoordelik vir die ontwerp van die dam, die inlaat-toring, uitlaatwerke en die pompstasie. Hiervan is die konstruksie van die dam self 'n beduidende deel.

Die dam moet water vir huis-houdelike, nywerheids- en landbougebruik verskaf aan Maseru asook omliggende dorpe soos Roma, Mazenod, Morija en Teyateyaneng.

Volgens mnr. Colin Logan, direkteur van damme, hidro-krag en ondergrondse werk van GIBB, sal die dam sowat 35 km van Maseru in die Phu-thiatsana-rivier gebou word.

“Die projek maak deel uit van die Lesotho-Laagland-waterskema wat toegang tot water vir Lesotho se laagliggende dele moet verbeter en sodoende ekonomiese groei ondersteun,” sê Logan.

Dié dele ondervind erge watertekorte weens die groter vraag van die nywerheidssek-

tor, vinnige verstedeliking en tydperke van droogte, veral in die winter.

Die damwal sal 83 m hoog wees, met 'n kruinlengte van 270 m en 'n opgaarvermoë van 63,7 miljoen m³.

Logan sê die terrein is baie steil en een van die uitdagings sal wees om te verseker dat daar voldoende toegang tot die voorgestelde terrein vir die damwal sal wees, sodat die uitgrawings vir die fondament kan plaasvind.

Die projek word deur die Metolongdam-owerheid bestuur en sal na verwagting in 2013 voltooi wees.

Die dam sal waarskynlik in die somer van 2012-'13 in gebruik geneem word.

